# Afdeling Natuurwetenskappe en Tegnologie

## Dr. Rudolf Wessel Pretorius




### BIOGRAFIESE PROFIEL

Dr. Rudi Pretorius het sy akademiese loopbaan in 1981 by die WNNR se Afdeling Atmosfeerwetenskappe begin en was vanaf 1987 tot sy aftrede in Desember 2024 verbonde aan die Departement Geografie by Unisa, waar hy sedert Maart 2025 as ereprofessor dien. Hy beskik oor 'n MSc, MBL en 'n PhD in opvoeding vir volhoubaarheid.

Hy is sedert 2001 lid van die SA Akademie, dien as Akademieraadslid en is voorsitter van die Kommissie vir Natuurwetenskappe. Hy was vir meer as 20 jaar deel van die bestuurspan vir die jaarlikse Studentesimposium in die Natuurwetenskappe en help ook met die koördinering van die SA Akademie se deelname aan die Wetenskapekspo vir leerders in Gauteng-Noord.

Sy navorsing fokus op volhoubare ontwikkeling, omgewingsbestuur-kurrikulumontwerp en opvoeding vir volhoubaarheid. Hy was die Suid-Afrikaanse projekleier van die internasionale DiTTS-projek (2022 tot 2025) oor die digitale integrasie van die VN se volhoubare ontwikkelingsdoelwitte in hoër onderwys, in samewerking met universiteite in Duitsland en Brasilië. Hierdie werk ondersoek ook streeksverskille in die impak van globale krisisse op armoede- en hongeruitwissing, asook die ontwikkeling van streeksgerigte digitale leerhulpbronne.

Dr. Pretorius het 'n uitgebreide publikasierekord en is mederedakteur van verskeie akademiese boeke by Springer Nature. Hy is sedert 2021 afdelingsredakteur van *Discover Sustainability*, wat in 2026 'n impakfaktor van 5,2 bereik het, en is in die Q1-kategorie vir omgewingstudies. Sedert 2022 is hy adjunkredakteur (deputy editor) van die toon-

aangewende *International Journal of Sustainability in Higher Education*. In Julie 2026 is hy bekroon met Springer Nature se Discover Editor Award vir sy bydrae tot joernaalontwikkeling.

---

## MOTIVERING VIR NOMINASIE

Die afgelope termyn (2023 tot 2026) was dr. Rudi Pretorius ’n waardevolle lid van die Akademieraad. Die belange van Afrikaans en die SA Akademie lê hom na aan die hart en hy dien dit voluit en met oortuiging.

Benewens die feit dat hy hom op sy vakgebied onderskei het, het hy oor meer as twee dekades leiding geneem in die SA Akademie se jaarlikse studentesimposium, Wis- en Natuurkunde-werkgemeenskap (Pretoria) en meer onlangs as voorsitter van die nuutgestigte Kommissie vir Natuurwetenskappe.